

9 Januarie

Handelinge 1:1-11

Suid-Afrikaners

Soms, kan die Bybel met 'n enkele woord 'n wêreld voor 'n mens laat oopgaan. Ek bedoel dit heel *letterlik*: 'n *Wêreld voor jou laat oopgaan*.

"Galasiërs..."

As Jesus sy opdrag op aarde volbring het en na die hemel opvaar en dit dus nou tyd geword het vir die dissipels om sy werksinstrumente hier op aarde te wees, sê die hemelse boodskappers vir hulle: "*Galasiërs, waarom staan julle so na die hemel en kyk?*" (*Handelinge 1:11*).

Die werkwoordsvorme wil letterlik sê: Hoe het julle julleself dan nou, al starende na die hemel, hier ingeplant...?

Dan word dit vir ons duidelik dat dit nodig was om die dissipels met 'n skerp vermaning *terug te bring aarde toe*...

Kyk, dit is goed en reg as ons gedagtes by Christus in die hemel is.

Dit is goed en reg as ons nie verstokte materialiste is nie, wat net leef vir geld en goed.

Maar van staar na die hemel kom 'n stukkende Suid-Afrika en 'n gebreekte aarde nie reg nie!

"Galasiërs!" Daar's werk, roepingsvervulling. Julle gaan nie hemel toe nie; julle woon in Galilea; doen julle werk waartoe Ek julle geroep het, daar.

Die gedagte vir hierdie dag: God het nie hemelturende dwepers nodig nie. Hy wil nugtere gelowiges gebruik om in hierdie stukkende land van ons sy koninkryk van die hemele te laat kom...

Suid-Afrikaners -1998!

Sing Skrifberyming 24:6

Ds. D. Postma (Frankfort)